
Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*„Dié God, Wat die hart van Konings lei soos waterbeke, sal ons verlos."*




*„Hy het groot dinge aan ons gedoen en ons gebede gehoor."*
*—Pres. Kruger.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 18 MAART 1942. No. 19.

# Voorwaardelike Staking van Optrede Teen Nasionale Pers

Die volgende verklaring in verband met die optrede teen die Nasionale Pers, is Saterdag op Stellenbosch namens die Dagbestuur van die Kaaplandse Beheerraad aangekondig:

Met die uitbreek van die stryd onder die geledere van die Afrikanerdom het elke Afrikaner, en met reg, van die Nasionale Pers verwag dat hy as 'n volkspers en nie as 'n partydige Party-politieke pers sou optree nie. Ons het verwag dat die Nasionale Pers die magtigste en ook die mees geskikte faktor sou wees om die gevoelens te kalmeer en die breuk te heel. In plaas daarvan het dit geblyk dat dit juis die Nasionale Pers was wat deur sy organe die stryd aangeblaas het en die verdeeldheid aangewakker het, dit ten spyte van die feit dat O.B.-lede sowel as Party-mense die eienaars van die Pers is.

O.B.-lede het indiwidueel sowel as kollektief deur sy Beheerraad teen dié behandeling wat die O.B. ontvang het, geprotesteer. Verantwoordelike ampsdraers van die Pers is gespreek deur vooraanstaande Afrikanervroue en -manne en die direksie is van allerweë versoek om indien hulle dan nie gewillig is om die hele stryd te staak nie en verhewe bo die geskil van die O.B. en die H.N.P. te staan nie, dan slegs 'n stryd op beginselgronde te voer en nie af te daal tot die kleinlike persoonlike Suiderstem-metodes nie. Ook dit het vrugteloos geblyk. Die direksie het nog steeds vrye teuels aan indiwiduele redakteurs gégee. Ook is 'n besliste boikot deur die Pers sedert September teen die O.B. gehandhaaf met die weiering van verklarings en later ook van betaalde advertensies.

In antwoord op besware teen hierdie gedragslyn is sowel in bestuurskringe van die Pers as in die koerante self verklaar dat die aandeelhouers en die intekenaars hierdie beleid van verwoesting van die volkseenheid klaarblyklik goedkeur omdat niemand as gevolg van hierdie beleid die blad bedank het nie. Volgens besluit van die laasgehoue vergadering van die Beheerraad is intekenaars dus ten sterkste aanbeveel om deur bedankings hul protes aan te teken teen daardie beleid. Al wat die O.B. verlang, is om die Pers te verhef tot 'n volkspers. Die doel is nie om die Pers te beheer of dit te vernietig nie, maar van homself vir die volk te red. Om dit te bewerkstellig, moes die aandag van aandeelhouers, intekenaars en die volk in die algemeen bepaal word by die besware van die O.B. en moes hulle wakkergeskud word deur sterk, doelbewuste optrede. Die optrede soos dit gevolg het namens die O.B. het dadelik 'n verbetering in toon in die dagbladpers teweeggebring en 'n versagting van venynige aantygings. 'n Verdere gevolg van die optrede was 'n opskudding onder die volk wat eis dat as daar dan 'n stryd moes wees, dit tenminste op beginselverskille gevoer moet word en nie kleinlike persoonlikhede of verdagmakery nie.

Vir hierdie waardevolle vrugte van die stryd bly die O.B.-Beheerraad sy getroue offisiere en lede wat daarin meegewerk het innig dankbaar. Dit was vir hierdie mense onteenseglik 'n opoffering om sonder koerante en tydskrifte klaar te kom. Daardeur is egter die erns van die saak onder die aandag van die aandeelhouers sowel as van die wye Afrikaanse publiek gebring en die weg gebaan vir verdere optrede.

**Waar ons tans staan aan die vooraand van 'n vergadering van aandeelhouers van die Nasionale Pers wil ons hier aankondig dat die Dagbestuur van die Beheerraad van Kaapland dus besluit het om O.B.-offisiere en brandwagte te gelas om vanaf vandag af tot die vergadering van aandeelhouers op 26 deser plaasvind, nie verder teen die Pers op te tree nie.**

**Die hele verantwoordelikheid om 'n beter toestand te skep, rus tans op die aandeelhouers van die Pers. Indien hulle op 26 deser hul Direksie kan beweeg om die boikot teen die O.B. te staak en die stryd, indien hulle dan wil stry, op 'n meer verhewe peil te voer, dan word dit onnodig van ons kant om die optrede teen die Pers voort te sit.**

# Herenigde Party Verloor Twee Prov. Leiers in die Noorde

**Mnr. J. C. Buys, L.U.K., onderleier van die Herenigde Party in die Vrystaat, het as sodanig bedank en o.a. die volgende verklaring gedoen: „Ek weier beslis om mee te doen aan 'n geveg teen Nasionaalgesinde Afrikaners soos deur dr. Malan gestel in sy onlangse toespraak op Piketberg en die jongste besluit van die Hoofbestuur. Om dié rede voel ek my noodgedwonge om te bedank as onderleier en as lid van die Federale Raad en die Hoofbestuur van die Party. Voortaan sal ek gewone lid van die Party bly."**

**Mnr. W. K. A. Knauer, L.U.K., leier van die Herenigde Party in die Transvaalse Provinsiale Raad, het die Party bedank, volgens 'n Sapa-berig uit Pretoria. Hy verteenwoordig Wakkerstroom in die Provinsiale Raad.**

# Twee Oproepe en Twee Maatstawwe

Te oordeel na 'n oproep in Die Burger van 12 Maart van die direksie van die Nasionale Pers aan aandeelhouers om die aanstaande vergadering by te woon, en die omsendbrief van die Ossewabrandwag wat saam met die oproep geplaas word, lyk dit of dit die Ossewabrandwag kwalik geneem word omdat hy van sy kant 'n beroep op die aandeelhouers doen om **in belang van volkseenheid** aan te dring op wysiging van die beleid van die direksie.

Die strekking van die O.B. se omsendbrief word weerspieël in die slotparagraaf wat as volg lui: „Die Ossewabrandwag soek geen beheer oor die Nasionale Pers nie, slegs regverdige en eerlike behandeling as 'n republikeinse volksbeweging wat saam met al die ander volksorganisasies sy gewig in die stryd vir die vrywording van volk en vaderland wens in te werp. **'n Besluit deur die aandeelhouers om die venynige persstryd wat die volk verwoes, te staak, is al wat verlang word en sal weereens volkseenheid bewerkstellig."**

Die O.B. se omsendbrief is gedateer 10 Maart.

Onder datum 4 Maart word die volgende omsendbrief van adv. F. C. Erasmus aan aandeelhouers **wat partygesind is, gerig:**

„Daar is nou voldoende aanduidings dat die O.B. pogings in die werk stel om die aanstaande algemene jaarvergadering van aandeelhouers van die Nasionale Pers Beperk in Kaapstad op 26 Maart in hul rigting te probeer stuur. Dis 'n

(Vervolg op bls. 2.)

## ADV. FAGAN WAS NIE IN BLOEMFONTEIN

In die verslag in Die Burger van dr. Malan se toespraak op Stellenbosch voorverlede week het die volgende verskyn in verband met adv. H. A. Fagan, L.V., se houding teenoor die Party: „Dr. Malan het aanvanklik 'n boodskap voorgelees van adv. H. A. Fagan, L.V. vir Stellenbosch, wat in verband met sy praktyk na Bloemfontein moes gaan en ongelukkig nie teenwoordig kon wees nie."

Die indruk wat deur dr. Malan geskep was, is dat adv. Fagan die vergadering nie kon bywoon nie omdat hy in Bloemfontein moes wees. Dit is egter nie die geval nie. Adv. Fagan het aan dr. Malan in 'n skriftelike boodskap gesê dat hy op die dag van die vergadering weer terug sal wees in die Kaap, **maar nie bereid is om die vergadering by te woon nie. Inderdaad was adv. Fagan reeds die dag voor die vergadering terug in die Kaap.**

# KENNIS IS MAG

HELPMEKAAR reik u die helpende hand om vir uself 'n suksesvolle toekoms te verseker.

## OOR DIE 200 KURSUSSE

Omdat die Helpmekaar die enigste

SUIWER OPVOEDKUNDIGE

Korrespondensie Kollege in S.A. is, bied ons u aan:—

## DIE BESTE KURSUSSE TEEN DIE BILLIKSTE FOOIE

Die Helpmekaar kan ook vir U doen wat ons reeds vir duisende ander Afrikaners gedoen het.

Neem u eerste stap op die leer van sukses en

## POS DIE KOEPON VANDAG!

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in ........................

Naam: ........................

Adres: ........................

O.B. (Datum) ........ ........................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A.(S.A.), D.Litt. et Phil.(Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Ströh.

## HELPMEKAAR
### KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18.

Posbus 3512. JOHANNESBURG. Foon 22-3512.



# EGTE BOKMIS

van

BOSSIEVELD, KAROO.

Die mis is fyn gemaal teen 27/- per ton van twaalf sakke, op u Stasie gelewer.

KMB of KBA

Die mis is absoluut suiwer, van groot uitgesoekte mishope.

TEVREDENHEID GEWAARBORG.

**Monsters op Aanvraag.**

*B. J. ROODE,*

Posbus 15, KLIPPLAAT.



DAGBREEK vir die AFRIKANERS

STABILIS

Die Nuwe Suiwer Afrikaanse Maatskappy bied sy dienste aan in verband met

- *Koop en verkoop van al u eiendomme*
- *Geldbelegging — Besigheidsadvies*
- *Advertensies en Drukwerk*
- *Versekering (Lewens, Brand, Motor, Ongevalle, ens.)*

STABILIS-AGENTSKAPPE EN BELEGGINGS-MAATSKAPPY

**Ons is Agente vir:**
**HELPMEKAAR KOLLEGE JOHANNESBURG.**

Ook vir Bou-maatskappye en die vernaamste Assuransiemaatskappye!

Ons onderneem Afslaerswerk van Vaste Eiendomme en alle Losse Goedere, soos Huisraad, ens.!

**Foon 30764—Kamer 901/2—Groote Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.**


# *Party se Aksiefront Tree In Werking*

## O.B.-Lid se Kandidatuur Geveto

Die benoeming van die Herenigde Partykandidaat vir die Provinsiale tussenverkiesing in die kiesafdeling Namakwaland, mnr. D. J. Scholtz, is, volgens aankondiging in Die Burger van 9 Maart, op buitengewone wyse deur dr. Malan geveto. Die aankondiging lui dat „met die oog op ons Partybelang en kragtens die buitengewone magte wat die kongres op 4 Augustus aan my verleen het, verklaar ek hiermee die benoeming van 'n partykandidaat vir die aanstaande Provinsiale Raadsverkiesing vir die kiesafdeling Namakwaland as nietig te wees, en bepaal ek verder dat 'n nuwe benoeming deur die takke van die Party sal plaasvind op 25 Maart."

Mnr. Scholtz was die enigste Herenigde Partykandidaat in die kiesafdeling.

Dit is 'n verdere deurvoering van die Kaapstadse Partydiktatuur se beleid om aan die kiesafdelings voor te skryf wie hulle moet benoem en wie nie. In Riversdal is die kandidaat wat deur die kiesers aangewys was, beweeg om terug te staan ten gunste van mnr. P. K. le Roux wat van Oudtshoorn af ingevoer is, terwyl die Partydiktatuur in Vryburg mnr. J. A. van Wyk aan die kiesers opgedring het ondanks die uitdruklike besluit van die afdelingsbestuur dat hulle geen ingevoerde kandidaat wil hê nie.

Dit is een van die grootste euwels van die partystelsel dat die kiesers nie meer deur hul lid in die wetgewende liggame verteenwoordig word nie, maar dat die gekose lid volstrek afhanklik is van die partykoukus, en dus nie die besluite van sy kiesers nie, maar die besluite van die koukus in die Parlement of Provinsiale Raad moet uitvoer. Dit is hierdie punt wat van die demokrasie 'n karikatuur gemaak het. Nou kom die Herenigde Patry en gaan nog 'n stap verder. Die bietjie reg wat die kiesers nog gehad het om ten minste aan te wys wie hulle moet verteenwoordig, word hulle ontneem en begunstigde persone van buite af word aan hulle opgedring. **Sodoende word die kiesafdelings niks anders as baantjies vir boeties nie.**

As hierdie mense werklik na 'n diktatuur strewe, is daar niks op hul beleid te sê nie, maar dan moet hulle eerlik wees en nie ander verwyt wat openlik bely dat hulle nie meer aan verkiesings glo nie.

Die feit dat dr. Malan sy verklaring later herroep het „as gevolg van verdere gunstige omstandighede", verander niks aan die verkeerde beginsel wat in hierdie beleid opgesluit lê nie.

## *TWEE OPROEPE EN TWEE MAATSTAWWE*

(Vervolg van bls. 1.)

voortsetting van hul verwoede kampanje teen ons Party en ons Pers. Ek wil derhalwe 'n dringende versoek tot u rig:—

(1) om, indien enigsins moontlik, in belang van ons saak, seker die dag na Kaapstad te kom vir die vergadering — hoe skaars petrol nou ook al is, en

(2) om in elke geval, of u kom of nie, bygaande proksie te onderteken en aan my of 'n ander betroubare partyman sonder versuim terug te stuur . . .

Dis ook verder van belang dat dié dag twee direkteure gekies moet word uit die volgende benoemdes, nl. dr. J. S. du Toit, adv. F. C. Erasmus, Wynand H. Louw. **Dit word beskeidelik aan die hand gedoen dat IN BELANG VAN ONS PARTY die laaste twee gekies word."** Onderaan verskyn adv. F. C. Erasmus se handtekening.

Nou is dit blykbaar 'n groot misdaad as die Ossewabrandwag 'n beroep doen op **alle** aandeelhouers om op te tree **in belang van volkseenheid,** maar dit is heeltemal geoorloof as adv. F. C. Erasmus 'n week tevore reeds 'n beroep doen op **„betroubare Partymanne"** om in die vergadering op te tree **„in belang van ons Party."**

DIE O.B., WOENSDAG, 18 MAART 1942.

# DIE OORSAAK

SONDER dat dit so bedoel was, het dr. Malan in sy Stellenbosse toespraak die oorsaak van die stryd tussen die Partyleiding en die Ossewabrandwag blootgelê. Die Partyleiding het die oorsaak van die stryd nog altyd toegeskryf aan die leiers van die O.B. wat die Party dan sou wou ondermyn het. So het dr. Karl Bremer nog aan die begin van die maand op Graaff-Reinet in dié verband gesê: „Die ondermyning kon die partyleiers nie toelaat nie." M.a.w. hulle het oorlog teen die O.B. verklaar nie oor die Elsburgse toespraak nie — dit was maar net 'n voorwendsel — maar omdat daar ondermyning aan die gang was. Maar as dit die geval was, waarom het dr. Malan dan nie met bewyse van ondermynende bedrywigheid teen die party voor die dag gekom nie in plaas van die oorsaak by die Elsburgse toespraak te gaan soek wat op sy ergste tog maar net vertolk kon word as 'n verbreking van 'n formele ooreenkoms? — hoewel die Eenheidskomitee selfs hierdie vertolking eenparig as onjuis verwerp het. Kon dr. Malan nie een of ander beëdigde verklaring oor die ondermynende bedrywigheid opgediep het nie?

Nee, hy kon nie, want dit was nie die oorsaak van die stryd nie. Die ware oorsaak het dr. Malan voorverlede week op Stellenbosch laat deurskemer. **Die eintlike rede was dat die Ossewabrandwag 'n organisasie geword het wat hom aangepas het by die nuwe ontwikkelinge, en gevolglik groter geesdrif by die volk gewek het as die verouderde party-instelling.** Die teenstelling tussen die groeikragtige nuwe beweging en die verouderde party-organisasie is skerp geteken deur die omvang van die gehore wat elkeen getrek het. Waar die Ossewabrandwag speel-speel dertigduisend mense op 'n vergadering getrek het, kon die partyleiers nie drieduisend trek nie. Dit is die oorsaak van die stryd. Hoewel dr. Malan dit nie so duidelik stel nie, is dit die logiese gevolgtrekking van die volgende paragraaf uit sy toespraak:

„Die reorganisasie van ons Party beteken in die eerste plaas sneller aksie. Tevore was die partymasjinerie 'n logge, langsame liggaam. **Die wêreld verander en jy kan nie meer ossewametodes toepas nie. Nuwe strydmetodes moet ingevoer word . . . . Tevore is die Partymasjinerie dikwels beskou as 'n eleksiemasjien. Dit behoort vir ons meer as dit te wees. Ook aan die sosiale sy sal baie meer aandag bestee word. Die Party se taak sal in die toekoms ook wees om die Afrikanerdom een groot familie te maak. Dan ook sal daar meer nadruk gelê word op demonstrasies. Die Eeufeesjaar het getoon wat die waarde van hierdie kant van ons bedrywighede is. DIT IS OOK WAT ONS PARTY NOU BEOOG."**

Hierdie stukkie uit dr. Malan se toespraak kon net sowel uit die stigtingstoespraak van die Ossewabrandwagleier geneem gewees het, so kom dit ooreen met die wese en strewe van die Ossewabrandwag. **Die Party moet omgeskep word tot wat die Ossewabrandwag is.** Hierdie uiteensetting sou nie van so groot betekenis gewees het nie was dit nie dat hierdie reorganisasie van die Party **reeds begin het lank voordat die stryd tussen die twee organisasies ontbrand het nie. Dit beteken dus dat die Partyleiding in die rigting gewerk het om die O.B. deur die Party te laat vervang nog voordat die Eenheidskomitee in Bloemfontein gestig was, en dus lank voordat die volk geweet het van enige moeilikheid tussen die twee organisasies.**

**Die Partyleiding het begin besef dat die volk nie meer aan 'n „eleksiemasjien" glo nie, maar liewer 'n beweging wil hê wat van die „Afrikanerdom een groot familie wil maak" — soos die O.B. juis beoog het. Die Partyleiding het besef dat die volk nie meer die „ossewametodes" wou toepas nie, maar „meer nadruk wou lê op demonstrasies" — wat die Ossewabrandwag juis beoog het.**

Die Partyleiding het toe besef dat die volk in so 'n geval liewer die Ossewabrandwag sou kies — en, volgens die getalle op vergaderings, reeds gekies het — en nie die party nie. **Dit is daarom dat die Partyleiding geweier het om die palementêre front in die Eenheidskomitee te vorm — hulle wou nie meer net 'n eleksiemasjien wees nie. M.a.w. hulle wou die funksie van die O.B. oorgeneem het.** Daarvoor was nodig dat die O.B. òf aan die party onderwerp òf doodgemaak moes word. Vandaar dr. Malan se eis dat die O.B. die party se aksiefront moes word, en vandaar sy oorlogverklaring nadat daardie eis misluk het.

**Die oorsaak van die stryd was dus die groter liefde wat die volk vir die Ossewabrandwag geopenbaar het omdat laasgenoemde nuwe strydmetodes ingevoer en demonstrasies gehou het soos in die Eeufeesjaar — die dinge „wat ons Party ook nou beoog!"**

# MEER LIG OP MALAN-VERKLARING

## Van der Walt het Geweier Alles in Opgestelde Dokument te Onderteken

Ons is nou in besit van verdere inligting omtrent die ontstaan en die inhoud van die Van der Walt-verklaring wat deur dr. Malan aan die wêreld bekend gemaak is. Die dokument is opgestel en getik in die prokureur se kantoor. **Dit is in getikte vorm aan Van der Walt voorgelê om te teken. Hy wou dit egter nie teken soos dit getik was nie en het veranderings gemaak.**

Die vernaamste verandering is gemaak in paragraaf 7. Soos dit getik was, het dit gelui: „Dat advokaat Jerling verklaar het dat hy dit (d.w.s. bevel gegee het om Leibbrandt te verraai) doen op bevel van dr. Van Rensburg." **Van der Walt het die woorde uitgekrap. Hy het geweier om so 'n verklaring teen dr. Van Rensburg te doen.**

Die bedoeling van hierdie politici was natuurlik om 'n aanklag teen dr. Van Rensburg te kry. Van der Walt het geweier om hulle in hierdie gemene spel te ondersteun, maar dit het hulle glad nie verhinder nie om op 'n onbehoorlike wyse gebruik te maak van die dokument. 'n Mens vra jou af is dr. Malan dan so blind geslaan deur sy haat teen dr. Van Rensburg dat hy nie kan insien nie dat sekere politici misbruik maak van hom en van sy naam om hul eie agterbakse doel te bereik?

**Die treurigste gevolg van hierdie gebeurtenis is dat die polisie daardeur in kennis gestel is dat Van der Walt op die 6e Januarie 1942 op Alberton was by die kantoor van die Kommissaris van Ede wat die verklaring geteken het. Dit het seker die jag op Van der Walt deur die polisie moeiliker gemaak.**

## GRIKWALAND-OOS-KOMMANDO VIER VRYHEIDSDAG

Op 27 Februarie het die Kommando Grikwaland-Oos in die verste uithoek van Kaapland, die Transkei, vir die eerste maal Majuba-dag gevier. Honderde myle ver het die Brandwagte gereis om te kom feesvier.

Genl. Rudman, wat spesiaal oorgekom het van Pietermaritzburg af, het 150 myl ver gereis deur haas onrybare nat bergstreke.

'n Gehoor van by die 300 het geluister na 'n boeiende rede deur hom gelewer.

Die plaaslike leraar, ds. K. de Swardt, het die diens op plegtige wyse gelei by die houtstapel.

Die optog van seuns en dogters daarna, met die brandende fakkels agter die draers van die Vryheidsvlam, was 'n onbeskryflike toneel.

Nadat die hoogtepunt bereik was, waar menige Brandwag met betraande gesig in die vuur gestaar het, het genl. Rudman op aandoenlike wyse die Gelofte voorgelees en elke Brandwag het dit aanvaar.

'n Aansienlike bedrag is ingevorder vir mede-Afrikaners in die Konsentrasiekampe.

## Demokratiese Onjuisthede

In die stryd van die Herenigde Partyleiding teen die Ossewabrandwag word blykbaar 'n beleid gevolg om self voorwendsels vir die stryd te vervaardig by gebrek aan genoegsame redes. Die hele stryd berus op vaaghede wat ontbloot is van alle grond. Maar as jy stryd voer moet daar darem redes voor aangegee word, al skep 'n mens dan maar self daardie redes, so redeneer die politici. Duidelik kom hierdie beleid weer tevoorskyn in dr. Malan se onlangse toespraak op Stellenbosch. Hy moes aan die volk rekenskap gee waarom hy die O.B. wil vernietig en wat die doel van die sirkelkonferensies is. Hy erken dat die konferensies 'n taak moes vervul „van minder aangename aard." Die rede daarvoor is egter dat „die O.B. aan groepleiers van die Party wat ook in die O.B. was, 'n bevel gegee het om na die konferensie te gaan **en dit te dwarsboom, dit met hand en tand te beveg,"** aldus die „volksleier".

Die juiste woorde van die bevel waarna dr. Malan verwys, was egter dat O.B.-lede beveel word om op die sirkelkonferensies „absoluut te weier om hul samewerking te verleen **aan enige voorstel die gevolg waarvan tot nadeel van die Ossewabrandwag sal wees."**

As dr. Malan hierdie woorde vertolk as 'n bevel om die konferensies te dwarsboom, is dit slegs 'n erkenning van sy kant dat die konferensies **geen ander doel het nie as om die Ossewabrandwag te benadeel.**

In die Ismaelitiese toestand waarin hy homself gestort het deur almal tot vyande te verklaar, soek dr. Malan genl. Hertzog se hand agter die opbrokkeling van sy party. Kragte sou aan die werk gesit wees om die Herenigde Party op te breek en daarom voer hy 'n stryd. Dr. Malan doen dan die onjuiste bewering dat genl. Hertzog „as eerste middel daartoe die Afrikanerparty gestig het." Die hoofleier van die party behoort tog immers te weet dat die Afrikanerparty deur genl. Conroy gestig is **en dat genl. Hertzog nie eens teenwoordig was by die stigting nie.** Hy het selfs by voorbaat te kenne gegee dat hy geen aandeel in die party gaan neem nie.

'n Verdere onjuiste bewering word deur dr. Malan gedoen waar hy dit het oor die partypolitici. Hy verklaar dat dr. Van Rensburg ook maar een is, maar dat waar die ander gekies is, **„dr. Van Rensburg homself aangestel het."**

As die Grootraad van die Ossewabrandwag waarin adv. Swart en ds. C. R. Kotzé sitting gehad het, met meerderheid van stemme besluit om dr. Van Rensburg as Administrateur van die Vrystaat te vra of hy nie Kommandant-generaal van die beweging wil word nie, dan is dit in die oë van dr. Malan „self aangestel", maar as hy (dr. Malan) 'n „nasionale komitee" in die lewe roep wat **hy** saamstel en waarvan **hy** die oppermagtige leier is, dan is dit 'n komitee „deur die volk self aangewys!"

Tenslotte haal dr. Malan die beskuldiging by dat Die Kerkbode „aanvanklik ook geboikot is." Die ware feit is dat **Die Kerkbode** uitgesluit was deur die Beheerraad **nog voordat daar oor die voorstel gestem was.** Die voorsteller van die protes het self uitdruklik verklaar dat Die Kerkbode nie ingesluit word nie.

Al hierdie onjuisthede verkondig die leier van 'n politieke party ten einde die sterwende produk van die Britse liberalisme se lewe te verleng. Volgens die maatstawwe van die demokrasie is so 'n metode gebillik en volgens die eise van die demokrasie noodsaaklik.

*WORD INTEKENAAR OP ONS BLAD*

# Oorsig van Wêreldgebeurtenisse

Hong-Kong, Maleia, Penang, Singapoer, Sumatra, Java, Rangoen, ens., ens. Die plekname is vandag getuienisse van die merkwaardige militêre élan en die lewenskrag van die Japanse volk, en bewyse vir die seniele lewensmoed van die sogenoemde demokratiese state. In die geval van die ,,diktatorskappe'' blyk dit dat volkere uit niks en armoede 'n staat opgebou het wat hul ideaal is en waarvan hulle 'n werklike burger geword het. Die Vrye Demokrasieë daarenteen het hulle volkere tenspyte van mooi woorde de facto tot slawe van internasionale kapitalisme gemaak. Daar veg die volkere vir 'n ideaal, hier vir die behoud en heerskappy van 'n verdoemde seniele stelsel.

Onsekerheid word daagliks groter. Die Verenigde Nasies, d.w.s. die V.S.A., Brittanje, Holland, ens., besef nou wel dat Japan nog met sy veroweringstogte sal voortgaan, maar hulle is onrustig oor wat in Europa in die nabye toekoms gaan gebeur. Dieselfde gevoel van senuweeagtigheid wat voor die Japanse oorlogsverklaring geheers het, heers weer in die kombuise van die demokratiese state. Destyds het die welbekende Amerikaanse tydskrif ,,Life'' (Julie 1941) die verdedigingswerke van Singapoer bespreek en gesê: ,,As ooit die gevegte hierdie kusstreke bereik, sal alles oor wees. Die skote in die strate van Singapoer sal die doodsgeroggel van die Britse Ryk wees.'' Vandag is die toekoms van die Geallieerdes nog minder rooskleurig. Reeds word daarvan gepraat dat Birma vir die Britte verlore gegaan het en die moontlikheid van 'n Duitse aanval in die Nabye Ooste met die doel om met die Japanse magte in kontak te kom, het reeds 'n nagmerrie geword.

Die maande wat Hitler steeds vir sy groot verrassings gebruik het, staan voor die deur: Maart en April. Ons kan verwag dat Hitler sy uiterste pogings sal aanwend om Brittanje 'n gevoelige slag, ja die beslissende slag, toe te dien. Die Duitse strydmagte was sedert die begin van die oorlog goed uitgerus. Dit is 'n bekende feit. Vandag, nadat Franse, Belgiese, Hollandse en Poolse fabrieke vir Hitler en sy Europese bondgenote werk, sal die uitrusting sekerlik van ongelooflike perfeksie wees. Tot dusver het — afgesien van die November-optog in Noord-Afrika — die Britse en Geallieerde magte nog nêrens oor bevredigende bewapening beskik nie; en dié oppermag was maar van korte duur.

Ook die Britse vloot kan nie aan die huidige eise voldoen nie. Tenspyte van die Amerikaanse vloot-oorblyfsels na Pearl Harbour het die vlootposisie nie baie verander nie. Die Geallieerde vlootmagte is orals versprei en besig om lewensbelangrike vragte te beskerm en dié feit maak uit die Spil se vlooteenhede 'n uiters gevaarlike bedreiging. Brittanje het die ware toestand eers begin begryp toe Duitse slagskepe deur die kanaal getrek het. Die Britte voel of behoort te voel dat hulle die baasskap voor hul eie poorte verloor het.

Die Amerikaanse vloot moet vandag grotendeels gebruik word om die Amerikaanse waters te beveilig. Japanse en Duitse duikbote het die see-oorlog tot in die V.S.A. se kus-waters gedra en die Geallieerde handelskepe onder die neus van Uncle Sam swaar verliese toegedien. Vir die V.S.A. is hierdie skeepsverliese gevoelig maar vir Brittanje uiters gevaarlik, want van hierdie twee bondgenote kan Churchill die oorlog nie sonder kos, wapens en versterkings van buite voortsit nie. Die V.S.A. met sy geweldige bronne sou die stryd teen die Spilmoondhede vir 'n onbeperkte tyd kan uitrek as hy verdedigend optree, maar dié beleid sal nooit 'n oorwinning vir die Britse saak kan behaal nie.

Britse en Amerikaanse invloed is uit die Verre Ooste verdryf. Australië vra hulp teen 'n moontlike Japanse inval, maar ,,die hulp moet een dag voor en nie een dag ná die ramp kom nie'', aldus 'n Australiese woordvoerder etlike weke gelede. Die moontlikheid bestaan egter dat Brittanje hier ook die gewone Britse beleid sal volg. As dit met Australië sleg gaan, bring jouself in sekerheid. Brittanje het reeds Noorweë, België, Frankryk, Griekeland in die steek gelaat; 'n paar dae gelede was die Hollanders op Java die uitgekose volk om die spit vir Brittanje af te byt. Sonder verdere ondersteuning, wat vinnig moet kom ,sal Sjina die oorlog teen Japan nie kan voortsit nie, en die Birmapad is reeds gesluit.

Die V.S.A., 'n land sonder bevredigende bewapening, Sjina, 'n land sonder gewere en die Vrye Regerings in Londen, state sonder volkere of gebied is vandag die potensiële bondgenote van Brittanje, 'n land wat sedert die uitbreek van hierdie oorlog na elke nederlaag of suksesvolle terugtog ,,sterker as ooit te vore'' geword het.

Die enigste Staat wat tot dusver blykbaar die Duitsers met sukses beveg het, is Rusland, maar ook hier word die kreet na wapens weer gehoor. Russiese ,,oorwinnings'' was in geen wyse so belangrik as wat die Britse pers wil uitmaak nie. **Die Duitse troepe het nog Leningrad omsingel en Moskou is nie meer as 80 myl van die Duitse divisies verwyder nie.** 'n Klein sukses aan die Russiese front word 'n reuse-oorwinning in die Britse pers. Sedert die uitbreek van die oorlog het die Britte nog nooit iets van 'n Britse oorwinning gehoor nie, net van weghardlopery. Vandag is die Russe die redders van die Britse moraal.

So lyk die Geallieerde front. Nie een van die bondgenote, afgesien van die V.S.A., verkeer in die posisie om self sy eie noodwendighede te produseer nie: Amerika moet help en die hulpverlening moet spoedig wees, anders is dit te laat. Amerika skyn egter die leuse ,,America First'' in die daad om te sit.


## Schoemannello-Drank

is

*DIE SUIWERSTE EN BESTE.*

BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

en

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING In 5-gelling vaatjies of meer |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemannello .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn Ekstra Spes.) | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie V.O.S., Oudtshoorn.

**SCHOEMANNELLO-DRANK**

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE



## MARKAGENTSKAP

**Vroeë Môre Mark**

KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

Beste Heersende Pryse.

*MINNAAR & VAN SCHOOR.*

Eienaar: Gustav Retief.

Telefoon 2-0212.



## SASBANK

Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

**LENINGS** vir die gesalarieerde man verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.

LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.

Duisende maak gebruik van **SASBANK** fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

SASBANK

is 'n kind van die Volk en dien die Volk.

*Raadpleeg Sasbank.*

**PAARL:**

Pêrel-Boedelgebou,

Hoofstraat 327, Posbus 266.

**KAAPSTAD:**

Parlementstraat 32, Posbus 2387.

**WORCESTER:**

Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.



## O.B. - Skryfblokke

Blou met bypassende Koeverte

2/6 posvry.

Bestel by:

**O.B.-Hoofkantoor, Kaapland.**

Kamer 916,

GROOTE KERKGEBOU — KAAPSTAD.



ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# Nasionale Blaaie Pas Hul Boikot Ook Op Genl. Hertzog Toe

## Volk Mag Oproep tot Eenheid Nie Hoor

Die Nasionale Pers wat, volgens erkenning van hul eie koerante nie die eiendom van een of ander party is nie, maar van die volk as geheel, het sy boikot van alle ander menings behalwe dié van die Herenigde Partyleiding ook uitgebrei tot genl. Hertzog. Dit is teen hierdie boikot van mede-volksgenote wat die Ossewabrandwag onlangs op daadwerklike wyse moes protesteer. Eers is alles wat van die Ossewabrandwag afkomstig was, versnipper of selfs heeltemal geweier. Nou kom genl. Hertzog met 'n eenheidsoproep tot die ganse Afrikanervolk, en die Nasionale koerante weier om daardie oproep te plaas. Diegene van hulle wat darem nog in 'n paar woorde melding gemaak het daarvan, het daarna verwys as 'n brokkie nuus wat hulle uit Die Vaderland oorgeneem het ondanks die feit dat die oproep in sy geheel aan hulle self oorhandig is.

Die Vaderland berig as volg in dié verband:

Op 'n vraag aan die sekretaris van genl. Hertzog of die belangrike verklaring van 'n figuur soos genl. Hertzog nie aan alle Afrikaanse koerante oorhandig is nie, het dr. J. Steyn meegedeel dat hy die ope brief van genl. Hertzog besorg het aan die Pretoriase kantoor van die Nasionale koerante, tesame met 'n begeleidende brief. Die brief was gerig aan die redakteurs van Die Burger, Die Volksblad, Die Transvaler en Die Oosterlig en het as volg gelui:

,,Hooggeagte here,—Hiermee word, deur die plaaslike verteenwoordiger, tot u beskikking gestel 'n Ope Brief van genl. Hertzog aan die Afrikanervolk. Daar dit weereens sake behandel wat die ernstige aandag van die hele Afrikanerdom in al sy skakeringe verg, word die versoek aan u gerig om dit onveranderd en onverkort te publiseer — 'n versoek waaraan u seker geredelik sal voldoen — hoogagtend die uwe, Jan Steyn, sekretaris vir genl. Hertzog.''

Saam met die briefie waarin bostaande vriendelike versoek namens genl. Hertzog vervat was, is een kopie van die Ope Brief aan die Pretoriase verteenwoordiger van die genoemde koerante verstrek. Dr. Steyn het dit persoonlik gaan oorhandig. Hy het gevra of dit moontlik sou wees om genl. Hertzog se beroep telegrafies te stuur aan die koerante in die ander provinsies. Die Pretoriase verteenwoordiger het geantwoord dat hy eers ,,met Johannesburg'' in verbinding sou tree. Daarna is dr. Steyn weg. 'n Rukkie later is oor die telefoon aan hom gesê dat die stuk ongelukkig nie getelegrafeer kon word nie omdat daar net een afskrif was en dat dié in die bus gedoen moes word vir Die Transvaler.

Dr. Steyn het hierop gevra of dit dan net 'n tegniese beswaar is en nie besware van 'n ander aard nie, waarop hom te kenne gegee is dat die beswaar bloot tegnies is. Dr. Steyn het daarop geantwoord dat hy in so 'n geval die moeilikheid sou verhelp deur dadelik nog 'n kopie van genl. Hertzog se stuk na hulle te bring. Hierop is hom geantwoord dat die Pretoriase kantoor liewer nogeens ,,met Johannesburg'' in verbinding sou tree. **'n Rukkie later is hom oor die telefoon meegedeel dat hulle ,,jammer' is, maar dit nie sal kan gebruik nie.''**

Genl. Hertzog se beroep word, in sy eie woorde, **,,deur my gerig aan geheel die Afrikanerdom,** maar hoofsaaklik tot diegene wat, eweas ek, voel en oortuig is van die noodsaaklikheid dat sonder versuim 'n poging word aangewend tot versameling van alle nasionaalgesinde Afrikanerkragte, ens.'' In Die Transvaler se berig, waaruit 'n mens die indruk moet kry dat die oproep net aan Die Vaderland vir publikasie gegee is, ontbreek die woorde ,,aan geheel die Afrikanerdom.'' **In die plek daarvan word stippeltjies gedruk!**

Ook Die Burger het in sy kort beriggie na die oproep verwys as 'n ope brief wat ,,vandag in Die Vaderland verskyn.''

So word die volk mislei en volksmanne geboikot deur mense wat met vroom gesigte mosies aanneem teen sogenaamde boikot.


ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan,* *Stellenbosch.*

**DIE GOEIE HOOP**

(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.

Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814. — VIR — Hoofweg, Durbanville. Foon 60.

KRUIDENIERSWARE — LAAGSTE PRYSE.
MANS- EN DAMESKLERASIE.
DIE BESTE — DIE GOEDKOOPSTE.

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
DAMES-ROKKE
besoek
Steyns
PAROW SE
NUWE MODERNE SAAK.

105 Takke 40,000 Lede — **AVBOB** — Reserwefonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

**VLAE**

*Besit U 'n O.B. Vlag?*


Die Kaaplandse Hoofkwartier bied aan:

Kommando Vlag £1-15-0
Motorvlag 2-6
Fietsvlag 1-3

Kontant met Bestelling.

**O.B.-Hoofkantoor, Kaapland.**
Kamer 916, Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.

VOLKSKAS
IS U EIE
BANK!



*Fondse oorskry £1,500,000.*

Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA

**Volkskas (Koöperatief) Bpk.**
(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

**DE KOCK se GARAGES**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.

V.M.K. AANBEVEEL.

**La Belle Alliance**
Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE

*alle moderne geriewe*

Billike Terme

Eienares: Mev. P. J. RETIEF,

Foon 2-3833

*Ons Ontmoet alle Treine.*

Kloofstraat, Kaapstad.

G. A. FICHARDT, BPK.
MASJINERIE, YSTERWARE
EN PRODUKTE HANDELAARS
Foon 700 — BLOEMFONTEIN — Opgerig 1848

**BELê U GELD**
waar dit van
$3\frac{1}{2}\%$ tot 5%
rente kan verdien.
Raadpleeg dadelik u
EIE VOLKSBANK
**SPOORBOND-KAS BEPERK**
Posbus 8289. Johannesburg.
Takke oor die hele Unie.

# Aan die Penkoppe

## *Hoe Geld Verdien Word*

Die mooi plan om geld te vermeerder deur middel van eerlike arbeid het mev. J. S. du Toit, Generale in Kaapland, op die Jeugfront van Parow onlangs beoefen. Sy het aan verskeie Penkoppe een pennie gegee op voorwaarde dat hulle daarmee gaan woeker en nog meer inbring. 'n Deel van die geld gaan dan vir die Noodhulpfonds. Hoe goed hierdie metode slaag, blyk uit die onderstaande paar briefies wat ons uit 'n groot aantal kies:

Ruth skryf as volg: Geagte Tannie Du Toit,—Ek het my pennie geneem en ou koerante van Mammie gekoop en weer aan die winkel verkoop vir 'n sjieling en 'n pennie. Dus stuur ek weer my pennie en nog 'n sjieling aan u."

Paul Fahrenfort skryf: ,,Liewe Generale,—Ek stuur aan u my woekergeld. Ek het 'n wiel vir 'n trippens by 'n seun gekoop en dit weer verkoop vir ses pennies. Toe koop ek 'n waatlemoen vir die ses pennies en kry toe 'n klomp seuns om saam met my te kom eet met die verstandhouding dat elke seun 'n pennie saambring. Daar was twaalf seuns, en nou stuur ek aan u die sjieling."

Die adjudante, mej. A. S. Fahrenfort, wat 'n trippens ontvang het, het so gewoeker dat sy 10/3 kon terugstuur. Sy het die stroop wat vir 'n koeldrank bestem was in 'n kafee geneem en dit in die yskas gesit waar dit ysblokkies geword het wat sy vir 'n sjieling verkoop het. Sy kort toe ses pennies om pasteitjies te kan bak, en leen dit van haarself. Nadat sy die pasteie verkoop en haar ses pennies afgetrek het, het sy 3 sjielings oor gehad. Daarmee het sy 'n tweede maal pasteie gebak en 7/6 gemaak. Sy kook toe waatlemoenkonfyt en verkoop dit vir 10/3.

Hierdie metode van geldmaak kan gerus oral deur Penkoppe geprobeer word.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

Erkenning van bydraes in ander provinsies sal later bekend gemaak word.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 1,239 | 11 | 7½ |
| Hottentotsholland-Kommando | 0 | 11 | 0 |
| Stellenbosch Vroue-Kommando, Lys 379 | 41 | 12 | 6 |
| Velddrift Manne-Kommando | 6 | 0 | 0 |
| Velddrift Vroue-Kommando | 6 | 3 | 0 |
| Vroue-Kommando, Eppingtuindorp, Lys 189 | 2 | 17 | 9 |
| Lys 532—A/Veldkornetskap, Kaapstad | 3 | 3 | 0 |
| Lys 530 en 531, Veldkskp. K'stad | 3 | 0 | 6 |
| S'bosch Manne-Komm., Lys 479 | 139 | 16 | 0 |
| Vryheidsdag Koll., Upington | 34 | 18 | 11 |
| Mnr. De Waal, Nigrini | 1 | 1 | 0 |
| Kollekte deur Mevv. Truter, Snyman en Van Vuuren | 3 | 0 | 0 |
| Lys 216, Upington | 8 | 2 | 6 |
| Groblershoop Kommando en -Marydale V/kornetskap | 7 | 6 | 3 |
| Lys 178, Hazenjacht | 13 | 2 | 6 |
| Manne-Komm., Lys 124, Barrydale | 2 | 9 | 6 |
| Vroue-Komm., Lys 125, Barrydale | 7 | 7 | 0 |
| Lys 114 en 152, Calvinia | 26 | 10 | 0 |
| Koll. Vryheidsdag, Somerset-Oos, Manne- en Vroue-Komm. | 7 | 16 | 3 |
| Elliot Manne- en Vroue-Komm. | 8 | 11 | 0 |
| Willowmore Manne -en Vroue-Kom. | 9 | 1 | 5 |
| Vryheidsdag Koll., Springbok | 5 | 10 | 0 |
| Vriend, Beaufort-Wes | 10 | 0 | 0 |
| Sutherland Kommando, Lys 395 | 9 | 1 | 8 |
| Vryheidsdag Koll., Dordrecht | 1 | 15 | 0 |
| Lys 344 en 345, Prins Albert | 30 | 1 | 6 |
| Vroue-Kommando's, Swellendam | 5 | 13 | 6 |
| Vryheidsdag Koll., Port Elizabeth | 12 | 2 | 6 |
| Vryheidsdag Koll., Steynburg | 11 | 11 | 0 |
| Lys 289, Perde Eiland | 5 | 1 | 4 |
| Hoofkommandantskap,, Ceres | 31 | 10 | 0 |
| Vryheidsdag Kollekte, Beaufort-Wes | 11 | 3 | 3 |
| Lys 130, Vroue-Kom., Beaufort-Wes | 7 | 8 | 6 |
| Lys No. 313, Observatory | 5 | 0 | 0 |
| Vriende, Koekenaap | 2 | 0 | 0 |
| Mnr. J. J. van Zyl, L.V., Ceres | 5 | 0 | 0 |
| Steenberg Manne- en Vroue-Kommando's en vriende | 23 | 17 | 0 |
| Uniondale Kommando, Lys 413 | 5 | 17 | 0 |
| Sutherland Vroue-Kommando | 9 | 1 | 0 |
| Aanvulling Lys 379, Stellenbosch | 0 | 8 | 0 |
| Mnr. P. J. de Vos, Worcester | 10 | 0 | 0 |
| Mnr. H. F. Bosman, Kraaifontein | 1 | 0 | 0 |
| Vriend, Oudtshoorn | 0 | 10 | 0 |
| Vryheidsdag Kollekte H/komdtskap Knysna | 5 | 1 | 4 |
| Vryheidsdag Koll., Manne- en Vroue-Kommando's, Porterville | 10 | 7 | 6 |
| Mev. M. Muller, Robertson | 0 | 2 | 0 |
| H. Muller, Robertson | 0 | 2 | 0 |
| Montagu Kommando's | 3 | 0 | 0 |
| P. J. du Plessis, Robertson | 0 | 2 | 6 |
| Slagtersnek Kommando, Vryheidsdag Kollekte | 15 | 6 | 6 |
| Slagtersnek Jeugfront | 0 | 10 | 0 |
| Lys 55, Malmesbury | 15 | 0 | 0 |
| Bokveld Vroue-Kommando's Lys 134 | 2 | 17 | 0 |
| Lys 165, Clanwilliam | 16 | 1 | 0 |
| Kaapstad Studente-Kommando | 1 | 5 | 11 |
| Oranje Vroue-Kommando, Lys 217 | 3 | 2 | 6 |
| Lys 363, Robertson | 2 | 2 | 6 |
| Lys 193, Vroue-Kommando, Fraserburg | 1 | 12 | 0 |
| Lys 192, Manne-Kommando, Fraserburg | 4 | 2 | 0 |
| Lys 422, Velddrift | 0 | 12 | 0 |
| George Kommando's | 43 | 2 | 0 |
| Kakamas en Keimoes-Kommando's | 40 | 0 | 0 |
| Kannie Doods, Kaapstad | 1 | 15 | 0 |
| Totaal | £1 940 | 18 | 8½ |

**DIT IS BY ONS WAT ALLES GOEDKOPER IS**

**Ons het 'n Afdeling wat Spesiaal aandag gee aan Posbestellings. Koop by ONS per Pos en Bespaar Geld.**

Mans,- Dames- en Kinder-Uitrusters en Kruideniers.

**SONOP** (Koöp.) Bpk., Maitlandstr., BLOEMFONTEIN

**DIE VOORTREKKERWINKEL**

Eienaars: J. C. Fick en Kuhn.

Voorsien u van alle

KRUIDENIERSWARE

VOORTREKKERWEG - - - - PAROW.

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE**

Posbus 660, JOHANNESBURG.

Duisende Klante vanaf Kaap tot aan Zambesi het die maksimum sukses behaal met ons geakklimatiseerde **Vrugtebome** en keurige **Rose**. Bestel nou vir **Junie, Julie, Augustus** planting en wees seker van Tevredenheid! Geïllustreerde Plantgids gratis.

**KAAPSE VROEGPLAT UIESAAD**

Strooikleur, 15/- per lb., k.m.b.

E. C. STEYN,

Bus 37. SOMERSET-WES.

**GEMAALDE KRAALMIS**

VIR eerlike bediening, bestel hamergemeulde kraalmis, gelewer op Bona Fide boere se stasies teen 25/- per 11 sak ton, 10 ton en meer 24/- K.M.B., van J. A. SCHOEMAN, P/S Grootfontein, SOMERSET-OOS.

*Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystr., Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*

## *Geklassifiseerde Advertensies*

**TENTOONSTELLING**

van

**SKILDERYE EN BEELDE**

deur 'n Jong Kunstenaar

***PETRUS VAN EMMENIS***

word gehou op

**STELLENBOSCH**

in die

**CARNEGIESAAL**

**Vanaf 21—28 Maart 1942.**

Opening:

**Saterdag, 21 Maart om 10.30 v.m.**

deur

**MEV. DR. MEIRING NAUDÉ.**

**TAFELAARTAPPELS**

GOEIE Tafelaartappels £1 1s. per sak van 153 pond. Saadaartappels, eier- en okkerneutgrootte. Up-to-date £1 1s. per 153 pond. Kontant met bestelling.

J. A. BARNARD, Rus-en-Vrede,
P.K. Balmoral, Knysna.

**BENODIG**

JONK, sterk, gesonde en vooruitstrewende O.B.-lid (ongetroud) om met algemene boerdery behulpsaam te wees. Meld salaris of vee verlang. Vry inwoning. Wat vee aanhou kry voorkeur. Getuigskrif van Kommandant verlang. Doen aansoek by:

D. C. ODENDAAL,
Driedeel, P.K. Verrekykerskop,
Oor HARRISMITH, O.V.S.

**BENODIG**

FLINKE MEISIE as kok. Salaris £2 10s. per maand en vry inwoning. Ook 'n flinke meisie vir binnewerk. Salaris £2 per maand en vry inwoning.

Rig applikasies aan:—

A.B.N.,
p/a Posbus 28,
STELLENBOSCH.

**BENODIG**

ONMIDDELLIK benodig 'n dame, nie jonger dan 19 jaar, as hulp in 'n verpleeginrigting. 'n Mediese sertifikaat van gesondheid moet applikasie vergesel. Applikasies aan: DIE MATRONE, Aucklandpark Verpleeginrigting, Aucklandpark, JOHANNESBURG.

**BENODIG**

ONMIDDELLIK BENODIG, knap, werklustige, gesonde Afrikanerdogter.—Behulpsaam in huisgesin van vyf. Geen growwe werk. Beginsalaris 40/- per maand. Vry inwoning.

JOUBERT, Bus 7, KUILSRIVIER.

**BENODIG**

PLAAS-BESTUURDER vir 'n Plaas (naby Kaapstad) met deeglike kennis van graan-, wingerd-, en suiwelboerdery. Slag met werkvolk vereis. Aanvangsalaris £12—£15 per maand, met goeie huis en alles wat op die plaas produseer word vry. Groot vooruitsigte vir eerlike vooruitstrewende man. Meld getroud of ongetroud. (Indien getroud, hoe groot is familie.)

Applikasies en getuigskrifte aan:—

**Kamer 915, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad.**

**GEVRA**

ONDERWYSERES.—Onderwyseres om vir 'n dogtertjie, wat nou net begin, onderwys te gee volgens Goewerments-stelsel. Moet lid wees van die Ned. Geref. Kerk. Salaris £6 per kwartaal met vrye inwoning. O.B.-gesindheid en vorige ondervinding 'n aanbeveling. Skryf aan: P. A. STEENKAMP, Kransfontein, VOSBURG.

**TENDERS**

TENDERS word ingewag vir die bou van die nuwe Ned. Ger. Kerk, Wolseley (alreeds deur Departement van Arbeid goedgekeur). Planne en Bestekke verkrygbaar van die Argitek, J. ANTHONIE SMITH, 7de Vloer, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD. Tenders moet die Argitek bereik op MAANDAG, 30 MAART 1942.